

ROEPINGSONDAG

GEBED VIR ROEPINGE

Liefdevolle God, U roep almal wat in u glo daartoe om volmaak te word in die liefde deur in die voetspore van Christus, u Seun, te volg. Só lewer hulle, deur hul leefwyse, oortuigend bewys van u Koninkryk, vir die Kerk en die hele wêreld.

Genaderyke en liefhebbende God, staan manne en vroue in ons gemeenskappe by om die roepstem te hoor van ons mense in nood. Help hulle om U teenwoordig te maak onder u volk.

Maak die harte van baie oop en gee vir ons getroue dienaars van die Evangelie, toegewyde en heilige priesters, susters en diakens wat hul lewens aan u volk en hul behoeftes sal gee.

Seën almal wat U nou met moed en volharding dien. Laat ander deur hul voorbeeld en geloof gelei word. Deur Christus, onse Here.
Amen.

